Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Bylaag tot die Rektor se Bestuursverslag aan die Senaat en Raad, Junie 2022:

## Vierde rondte benoemings vir hibridieseleerfinansiering

US-fakulteite het sedert Junie 2020 drie geleenthede ontvang om uitgesoekte aanbiedinge vir hibridieseleer- (HL-)finansiering te benoem. Verskeie HL-programme, -modules en -leereenhede is al na aanleiding daarvan ontwikkel. ’n Vierde geleentheid het in die eerste week van Mei 2022 geopen. Dié benoemingsrondte is afgestem op **nagraadse programme** soos diplomas en magistergrade wat spesifiek bedoel is vir **onderbediende markte** (onder meer die mark vir werkende studente, d.w.s. studente wat reeds die arbeidswêreld betree het en dus buigsame aanbiedinge met onafgebroke tydperke van aanlyn leer verkies). Hier is die aanbiedinge wat in die vorige rondte benoem is.

| AANBIEDINGE WAT TANS ONTWIKKEL WORD | TIPE AANBOD | IMPLEMENTERINGS-DATUM |
|---|---|---|
| **Ingenieursbestuur**<br>Ingenieurswese | Gestruktureerde magister | 2022 |
| **Datawetenskap met Python**<br>Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke | Keusemodule | 2022 |
| **Intellektuelegoedereg vir Wetenskaplikes**<br>Regsgeleerdheid | Keusemodule | 2022 |
| **Akwaponika**<br>AgriWetenskappe | Modules vir ’n nuwe nagraadse diploma (NGDip) | 2023 |
| **Geneeskundige Toksikologie**<br>Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | NGDip | 2023 |
| **Landelike Geneeskunde**<br>Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | NGDip | 2023 |
| **Regsaspekte van Internasionale Transaksies**<br>Regsgeleerdheid | Module | 2023 |
| **Kennisvaardighede**<br>Lettere en Sosiale Wetenskappe | Module | 2023 |
| **Fisikavaardighede**<br>Natuurwetenskappe | Reeks leereenhede | 2023 |
| **Rekenaarwetenskap**<br>Natuurwetenskappe | Reeks leereenhede | 2023 |